proposes that the primary purpose of the Gospel was missionary. With regard to the second issue his most important proposal is that the Fourth Gospel does not teach an "incarnational model" for missions, but presents the nature of Jesus' relationship to his Sender as the model for the church's mission.

To my mind this book is an important addition to Johannine research and therefor it should be read — not only by Johannine scholars, but also by scholars/persons involved in missionary work. Although one cannot agree with everything Köstenberger writes (for example, I am not convinced that the Fourth Gospel's purpose can be described primarily as missionary) the careful and systematic way in which he presents his basic thesis makes for good reading. No future study on any aspect of mission in the Fourth Gospel could ignore this book! Furthermore, the fact that he is not content to stay within the comfortable surroundings of a mere academic discussion, but ventures to make practical suggestions for the mission of the contemporary church, is noteworthy. Perhaps more scholars should try this!

**Prof D F Tolmie.**

I D Krüger & P A Verhoef

**PREDIKING EN PREKE.**

Stellenbosch: Uitgegee deur die skrywer, 1998.

Gelukkig is hierdie publikasie van die geliefde prof P A Verhoef nie net 'n preekbundel nie. Die boek word ingelei deur inleidende kantaantekeninge oor die prediking uit die Ou Testament. Teen die agtergrond van 'n duidelike krisis rondom die prediking (bls. 8-9) word duidelike merkers vir prediking uit die Ou Testament aangedui. Prediking moet proklamasie van die Woord wees (bls. 3) en dit moet 'n eskatologiese uitsig op die toekoms gee (bls. 5-6). Só 'n benadering, wat Skrifgedeeltes as betroubare waarhede vertolk, staan in skrille kontras met die post-moderne benadering tot die prediking, met sy relativering van waarheid (bls. 10-11).

Omdat die prediker die waarheid uit die Skrif so getrou as moontlik wil weergee, bly eksegese fundamenteel belangrik (bls. 12-14). Voeg daarby dat die prediking teologies houdbaar moet wees

(bls. 14-16), en dit is duidelik dat Verhoef se benadering tot die prediking in lyn met die gereformeerde tradisie oor Woordverkondiging loop. Een van die aspekte van prediking uit die Ou Testament wat tans druk bespreek word (vergelyk die huidige debat in *Die Kerkbode*), is die vraag of Christus in die Ou Testament aan die orde gestel moet word. Mag daar Christologies uit die Ou Testament gepreek word? Sonder om die aap uit die mou te laat, kan ons volstaan deur te sê dat Verhoef se standpunt as 'n helder baken en getuienis in die debat spreek, terwyl die waardevolle riglyne oor die plek van Christus deur 'n gesoute en deurwinterde Ou-Testamentikus aangedui word. Hierin lê alreeds die meriete van die publikasie. Dit is 'n tydige woord oor 'n saak wat die wese van die prediking raak. Voornemende lesers moet tog nie net die bundel vir die preekstof aankoop nie. Lees eers dié belangrike inleidende kantaantekeninge!

Daarmee word die waarde van die preekstof hoegenaamd nie gerelativeer nie. Ons gebruik die woord "preekstof" en nie "preke" nie, omdat die stof nie altyd genoeg vir 'n volledig-uitgewerkte preek bevat nie. Maar preekstof, inligting en teologiese waarhede wat tot 'n diepgang in die prediking kan lei, is daar volop. Predikante wat altyd na nuwe preekstof op soek is, sal ongetwyfeld veel waarde van hierdie publikasie hê. Persoonlik vind ek dit jammer dat toepassings nie baie sterk figureer nie, maar dit is in lyn met Krüger (skoonvader van die skrywer) se uitgangspunt dat 'n preek wat Skrifgefundeerd is, nie 'n toepassing nodig het nie.

Die boek word aanbeveel vir almal wat in die prediking belangstel en kan bestel word by: P A Verhoef, Stellenoord 33, Stellenbosch, 7600 (Tel en faks: (021) 8864-198). Dit kos R35-00 (posgeld ingesluit).

**Prof J van Rensburg.**